DIE GEREFORMEERDE KERK
PIETERSBURG

# Die Basuin

**26 September 2021**

Predikant: Ds. S.P. Venter
Pastorie: 015 296 1840
Sel: 082 809 0222
Epos: sarel.pventer@gmail.com

| | |
|---|---|
| **EREDIENS** | **Ds. Sarel Venter** |
| **Skriflesing** | Johannes 16: 5 - 15, 25 - 33 asook Art 11 NGB |
| **Tema** | Die Heilige Gees leer ons die waarheid oor die Vader en die Seun. |
| **Sang** | Psalm 18: 1, 14<br>Lied 448: 1, 2, 4<br>Psalm 130: 1, 4<br>Lied 255: 1, 2<br>Lied 155: 1, 3 |

Die hulp wat die Heilige Gees vir ons gee is prakties.
Wat is 'n trooster? – 'n Advokaat, tussenganger, bemoediger, trooster, helper. Dit beteken 'n adviseur-helper. Die Trooster tree in my situasie in en help my daardeur. Om te troos is om langs iemand te wees en jou krag en hoop gee. Om te troos beteken om te bemoedig en aan te moedig. Om aan te moedig beteken om iemand met hoop, vertroue en deursettingsvermoë te vul. In 2 Kor 1: 2 en 4 het ons dit verlede week geleer. Ons word bemoedig om ander te bemoedig.

Die Heilige Gees is ons helper om ons in ons taak om God te verheerlik, by te staan. Om te help beteken om dit wat jy deurgaan te verbeter of te verlig. Ons helper is altyd by en saam met ons. Hy is nie iemand wat kom en gaan nie maar Hy is met ons en sal met ons wees tot in ewigheid.

Die Heilige Gees verander ons gebedslewe. Ef 6:18 - "terwyl julle met alle gebed en smeking by elke gleentheid bid in die Gees ..." Rom 8:26 – "En net so kom ook die Gees ons swakhede te hulp, want ons weet nie reg wat ons moet bid nie, maar die gees self tree vir ons in met onuitsreeklike sugtinge". Ons bid met die hulp van die Heilige Gees.

Die Heilige Gees verander die wyse waarop ons dinge sien en beleef. Joh 14:26 - "maar die Trooster, die Heilige Gees, wat die Vader in my Naam sal stuur, Hy sal julle alles leer en sal julle herinner aan alles wat Ek vir julle gesê het" "Hy sal julle alles leer" – Dit is die werk van die Heilige Gees – Hy leer deur die Woord. Hy is ons Leermeester in die waarheid. Die Vader en die Seun stuur die Heilige Gees om ons te leer om God vir ons verlossing prakties te verheerlik. Ons is erfgename saam met Christus. Die Heilige Gees leer ons wysheid om ons gawes aan te wend tot voordeel van die liggaam. Die Heilige Gees verlig ons hart en verstand om God se Woord reg te verstaan.

Die Heilige Gees verander ons uitsig op ons roeping as dissipels. Die eerste gelowiges verander van lafhartige, bevreesde, bedeesde mense, wat in die bo-kamer geskuil het, na dapper, vreeslose mense wat gevul was met heilige dapperheid, wat hard en duidelik in die strate en in die openbaar gepraat het. Die dissipels se vrymoedigheid het hulle lewens, toekoms en belange in gevaar gestel, maar dit het hulle nie beïnvloed nie. Die vrymoedigheid het baie se lewens verander en hulle het die Here leer ken en die kerk het gegroei.

Mag ons met heilige krag bewapen word om ons roeping te vervul! Ons is ten alle tye diensbaar. Daar is baie maniere waarop God jou kan gebruiik. Ons is altyd en oral God se getuie.

Ons oorleef die storms van die lewe deur die bystand en krag van God die Heilige Gees. Ons ervaar aanmekaar beproewing, siekte, wanhoop en moedeloosheid. Deur die Heilige Gees oorleef ons die storms, omdat Hy die Woord vir ons duidelik maak en ons God se genade, liefde en trou kan verstaan. Bid die leiding van die Heilige Gees en beïnvloed almal om jou positief. God is en bly getrou en onthou dat Jesus Christus op pad is.

## OOG VIR MEKAAR



* Ons dank die Here dat Gerhard Maritz deur die behandeling is. Mag ons Vader julle in die geloof versterk en bly vashou tot by die volgende toetse.
* Ons is saam met Rika Schutte dankbaar dat die chemo behandeling hierdie week voltooi word. Ons bid jou ‘n geseënde kuier toe op die plaas.
* Ons bid vir Hennie Oelofse wat steeds pyn ervaar. Mag die Here vir jou en Julie geloofskrag en moed gee vir die nuwe week.
* Ons wens almal wat die naweek op die pad is, ‘n veilige en voorspoedige rit toe. Mag die Here almal veilig tuis bring.

# GEDAGTE VIR DIE WEEK



*Here, gee my die woorde om u lof te verkondig.*

*Psalm 51: 17*

## ALMANAK 2022




Lidmate wat die Almanak 2022 wil bestel moet asb hulle name op die lys plaas agter in die portaal.

Die Almanak se koste is R 100.00 per eksimplaar.

Bestellings sal teen 18 Oktober 2021 geplaas word, en behoort dan teen middel November 2021 beskikbaar te



# KALENDER



| Verjaarsdae | | | | |
|---|---|---|---|---|
| **Datum** | **Naam** | Ouderdom | **Belydend /Doop** | **Sel/Tel no.** |
| Ma 27 Sept | Willie Eilers<br>Betsie De Witt | 56<br>39 | B<br>B | 083 455 0544<br>084 209 4220 |
| Wo 29 Sept | ***Bettie Olivier**** <br>Elaine Grobler<br>Estelle Adams | ***76***<br>55<br>32 | B<br>B<br>B | 083 305 9664<br>082 671 7343<br>082 564 3787 |
| Do 30 Sept | Karien Nell<br>Riaan Du Plessis | 60<br>40 | B<br>B | 083 302 1802<br>063 777 1675 |
| Sa 2 Okt | ***Sintjie Maree ****** <br>***Lynne O'Reilly **** | ***81***<br>***75*** | B<br>B | 076 707 5398<br>082 854 9151 |

| Huweliksherdenkings | | | |
|---|---|---|---|
| **Huweliksdatum** | **Lidmate** | **Jare Getroud** | **Sel/Tel no.** |
| 26 Sept 2015 | Jaun & Megan vd Merwe | 6 | 076 309 9732<br>083 948 7189 |
| 27 Sept 1986 | Ernst & Sandra Eloff | 35 | 083 229 8068<br>076 644 1175 |
| 28 Sept 2019 | Willie & Ina Erasmus | 2 | 083 462 4018<br>078 682 8555 |
| 29 Sept 2018 | JP & Lilian Ferns | 3 | 082 813 2277<br>076 238 1304 |
| 2 Okt 1979 | Corne & Christine Du Plessis | 42 | 084 253 6880<br>082 823 7487 |

# DATUMS OM TE ONTHOU

| DATUM | TYD | WAAR | WAT |
|---|---|---|---|
| 29 Sept 2021 | 19:00 | *ZOOM* | Bybelstudie |

Lidmate wat op 'n Donderdag aand by 'n ***ZOOM*** Bybelstudie groep wil aansluit kan vir Alta Theron skakel op 082 458 5700. Die Bybelstudie word gelei deur Prof Chris van der Walt en Jesaja word bespreek.

Lidmate moet asb kennis neem dat Bybelstudie eers weer op Dinsdag 12 Oktober 2021 om 09:30 sal hervat.


# DIAKONIE


Die diakonie vra asb vir skekings van bees en / of wilds vleis wat verwerk kan word vir fondse vir die diakonie. Kontak Reinhardt Weidemann op 082 610 0623.

**Die diakonie verkoop weer wildsvleis :**

**Maalvleis : R 71.43 / kg**
**Kookvleis : R 50.00 / kg**

Ondersteun asb hierdie projek van die diakonie. Teen hierdie prysse kan niemand die geleentheid laat verby gaan nie. Voorkom teleurstelling en skakel Reinhardt Weidemann op 082 610 0623 om bestellings te plaas.


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92


GEREFORMEERDE KERK PIETERSBURG
DANKOFFERS EN LOPENDE UITGAWES
2021
DANKOFFERS
LOPENDE UITGAWES
R -
R 20 000.00
R 40 000.00
R 60 000.00
R 80 000.00
R 100 000.00
R 120 000.00
R 140 000.00
R 160 000.00
R 180 000.00
R 200 000.00
JAN
R 90 101.00
R 185 229.13
FEB
R 89 376.00
R 111 985.41
MRT
R 138 076.00
R 165 010.45
APR
R 118 424.20
R 150 962.46
MEI
R 122 126.00
R 174 185.34
JUN
R 113 987.00
R 117 010.09
JUL
R 124 876.00
R 106 109.61
AUG
R 112 226.00
R 155 878.92

**Preke, dagstukkies en Die Basuin :**

Kan afgelaai word op:

www.gereformeerd.co.za

**Koster**
Nantes Kotze
015 296 0054
081 424 9651

**Orreliste**
Barbara Nagel
083 260 9581

Marisa Linde
083 408 2100

| | |
|---|---|
| **Kerkkantoor** | Nantes Kotze |
| Faksnommer | (015) 296 0054 (Tel/Faks)<br>086 293 4674 (Faks) |
| Epos | **admin@gereformeerd.co.za** |
| Webwerf | |
| Kantoorure | Ma, Wo, Vr. – 08:00 tot 12:00 en Sondagoggend na erediens |
| **Bankbesonderhede** | |
| **Kerkkas** | ABSA Tak 334-248<br>Tjekrek 11-5034-0426 |
| **Diakonie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-1287 |
| **Koningskinders** | ABSA Tak 632-005<br>Geldmarkrek 91-9071-1847 |
| **Geref. Susters Org. Pietersburg** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 11-5034-0191 |
| **Aktiwiteitskommissie** | ABSA Tak 632-005<br>Tjekrek 40-6962-4784 |

Die Finanskommissie versoek dat lidmate, waar moontlik, alle bydraes en kollektes per elektroniese oorplasing doen. Sien bankbesonderhede hierbo

*Van daardie dag af sal julle in my Naam bid en hoef Ek nie julle voorspraak by die Vader te wees nie*

*Johannes 16: 26*



ALLE NUWE INTREKKERS MELD AAN BY DIE KERKKANTOOR NET LANGS DIE KONSISTORIE NA AFLOOP VAN DIE EREDIENS